higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5

29 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: JOERNALE – ANTWOORDBLAAIE

1.1 KONTANTBETALINGSJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok. nr.	Dag	Besonderhede en nemer (*payee*)	Fol.	Bank	Krediteur	Lone	Diverse rekeninge
256	3	Betaling vir aflewering		✓R7 000			✓R7 000
257	4	Skoolgelde		✓R4 200			✓R4 200
069	6	Versekeringspremie		✓R5 000			✓R5 000
258	9	AGRISALE		✓R8 000	✓R8 000		
072	13	Kontant deur eienaar geneem		✓R4 000			✓R4 000
611	20	Versiening van toerusting		✓R3 000			✓3 000
261	30	Betaal salarisse en lone		✓R20 000		✓R20 000	
				R51 200	**R8 000**	**R20 000**	**R23 200**

(14)

1.2 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok. nr.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Debiteure	Diverse rekeninge
067	2	Tjek van debiteur		R20 000	✓R20 000		✓R20 000	
070	8	Kontantverkope		R11 000	✓R11 000	✓R11 000		
260	9	Versekerings-uitbetaling		R10 000	✓R10 000			✓R10 000
613	24	AGRISALE (terugbetaling)		R1 000	✓R1 000			✓R1 000
				R42 000	**R42 000**	**R11 000**	**R20 000**	**R11 000**

(8)

1.3 KREDIETEUREJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok. nr.	Dag	Krediteure	Fol.	Totale krediteure	Produksielewerings	Diverse bedrae
068	3	AGRISALE (onkruiddoders)		✓R8 000	✓R8 000	
				✓R8 000	**✓R8 000**	

(4)

1.4 **DEBITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017**

Dok. nr.	Dag	Debiteure	Fol.	Totale debiteure	Verkope	Diverse bedrae
073	16	Mnr Venter		✓R6 000	✓R6 000	
612	21	Mnr Venter		✓R7 000	✓R7 000	
				R13 000	**R13 000**	

(4)
[30]

VRAAG 2: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN BOERDERYRESULTATE

2.1 Dit is wanneer die boer, op grond van die verhoudings✓ en ander prestasiekriteria, sy/haar prestasie oor 'n tydperk✓ vergelyk met die doel om te bepaal of die onderneming verbeter of verswak het.✓ (3)

2.2 2.2.1
- Eksterne norme het betrekking op prestasiekriteria of verhoudings van ander, soortgelyke boerderye wat deur die boerdery aanvaar is om sy prestasie te evalueer.
- Vergelykende evaluering vind plaas wanneer die prestasiekriteria of verhoudings van 'n spesifieke boerdery met voorafbepaalde norme of begrote teikens vergelyk word.

(2 × 2) (4)

2.2.2 Eksterne norme stel 'n boerdery in staat om sy prestasie met dié van ander boerderye in dieselfde gebied te vergelyk sodat hy sy mededingingsposisie kan handhaaf. (2)

2.2.3 Die nadeel daarvan om vergelykende evaluering te gebruik, is dat die boer moet vasstel of dit wat vergelyk word, wel vergelykbaar is betreffende die aard, samestelling en grootte van die boerderyonderneming. (2)

2.3
- Waardeverminderings- en herstelkoste per R100 BPW
- Bemarkingskoste per R100 BPW
- Administratiewe koste per R100 BPW
- Produksielewerings per R100 BPW
- Werknemersvergoeding per R100 BPW
- PBA-koste per R100 BPW (6)

2.4 2.4.1 BPW – PBA-koste – Vergoeding aan buitelandse kapitaal
= R600 000✓ – R300 000✓ – R91 000✓
= R209 000✓ (4)

2.4.2 $\frac{\text{Verpakkingskoste}}{\text{BPW}} \times 100$✓

$= \frac{\text{R45 000}}{\text{R600 000}} \times 100$✓

=R7,50/R100 BPW✓ (3)

2.4.3 PBA-koste × 10✓
BPW

= R300 000 × 100✓
R600 000

=R50/R100 BPW✓ (3)

2.4.4 Vergoeding aan buitelandse kapitaal × 100 ✓
NBI

= R91 000 × 100 ✓
R300 000

= R30,33/R100 NBI✓ (3)

2.4.5 Netto waarde = Boerderybates – Boerderyskuld
= R3 600 000 – R700 000
= R2 900 000✓
= Netto waarde✓
Boerderyskuld

= R2 900 000✓
R700 000

= 4,14:1✓ (4)

2.4.6 Bedryfsbates✓
Bedryfslaste

= R300 000 ✓
R100 000✓

= 3:1✓ (4)

2.5
- Die hefboomverhouding van 4,14:1 toon dat die boerdery, vir elke rand se waarde van boerderyskuld, R4,14 netto waarde op daardie bepaalde datum het.
- Die bedryfsverhouding van 3:1 toon dat die boerdery, vir elke rand se waarde van bedryfslaste, R3 se bedryfsbates op daardie bepaalde datum beskikbaar het. (2)

[40]

VRAAG 3: KAPITAALVEREISTES, -VORME EN -BRONNE

3.1
- Bepaal die aard en omvang van die boerderyonderneming se kapitaalvereistes.
- Ontleed die vorme en bronne van kapitaal.
- Verkry kapitaal in sodanige vorm en uit bronne wat kwalitatief en kwantitatief by die kapitaalvereistes kan aanpas. (3 × 2) (6)

3.2 3.2.1 Oor die algemeen word boerderye deur 'n omgewing van onvoorspelbare klimaatstoestande in die gesig gestaar, wat die bank se vermoë om lenings aan boere toe te staan, beïnvloed.

3.2.2 Ná veranderinge in landbou duur dit baie lank alvorens toestande weer normaliseer en die boerderyonderneming weer begin om 'n wins te genereer.✓ Dit beïnvloed die bank se bereidwilligheid om kredietlyne aan boerderyondernemings toe te staan.✓

3.2.3 'n Groot aantal boerderyondernemings in Suid-Afrika is uiters klein, wat hul vermoë om 'n wins te maak en volhoubaar te bly, beïnvloed.✓ Finansiële instellings is dus nie altyd te gewillig om enige lenings aan hulle toe te staan nie.✓

3.2.4 Daar bestaan talle betreklike klein boerderyondernemings.✓ Dit maak dit vir kredietverskaffers moeilik om hul lenings spesifiek vir dié talryke kleinboere te doelmaak sonder om hul sekuriteit te verswak.✓

3.2.5 Vir die meeste landbouprodukte is die elastisiteit van vraag laag,✓ en dit het 'n uitwerking op boere aangesien hulle nie die stygende koste van hul produkte aan verbruikers kan deurgee nie; dit beïnvloed dus hul winsgewendheid en voortbestaan.✓

(5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 D
3.3.2 C
3.3.3 A
3.3.4 B

(4 × 1) (4)

3.4
- Die streek en die aard van die grond
- Produksietakke
- Die grootte van die onderneming
- Die produksietegniek
- Algemene beleid (5)

3.5
- Die streek en die aard van die grond: Die prys van grond per eenheid, die algemene grootte van die grond en die vrugbaarheid daarvan verskil van streek tot streek, en dit bepaal die hoeveelheid kapitaalvereistes.
- Produksietakke: Hoe meer takke daar is, hoe meer kapitaal word benodig.✓
- Die grootte van die onderneming: 'n Onderneming se grootte bepaal die hoeveelheid kapitaal wat benodig word. Groter boerderyondernemings benodig meer kapitaal as klein boerderyondernemings.
- Die produksietegniek: Moderne produksietegnieke wat 'n hoë mate van meganisering en die gebruik van chemikalieë vereis, het meer kapitaal nodig as 'n eenvoudige produksietegniek.
- Algemene beleid: Dit het merendeels betrekking op die kostebesparingsmaatreëls wat geïmplementeer word om die hoeveelheid kapitaal wat vir 'n boerderyonderneming benodig word, te verminder. Hoe meer koste bespaar word, hoe minder kapitaal is nodig. (5 × 2) (10)

3.6
3.6.1 Leningskapitaal
3.6.2 Eie kapitaal
3.6.3 Leningskapitaal
3.6.4 Eie kapitaal
3.6.5 Eie kapitaal

(5 × 1) (5)

3.7 3.7.1 Artikel 34-lenings word aan boere toegestaan wanneer 'n promesse voltooi is om in hul seisoenale en mediumtermyn-finansieringsbehoeftes te voorsien. (2)

3.7.2
- Grondeienaars
- Vruggebruikers
- Fidusiêre instellings
- Bruikhuurders van plaaseiendom (4)

3.7.3
- Die aankoop van verpakkingsmateriaal
- Die aankoop van onkruiddoders en swamdoders
- Die vestiging van boorde en wingerde
- Die aankoop van wynkeldertoerusting
- Die aankoop van wasbestrykingsmasjinerie en pakhuis-toerusting (Enige 2 × 1) (2)

3.7.4
- Die aankoop van lewende hawe
- Die aankoop van nuwe of gebruikte masjinerie
- Die aankoop van ander implemente en boerderytoerusting

(Enige 2 × 1) (2)

[50]

VRAAG 4: 'N BOERDERYONDERNEMING SE FINANSIERINGSBELEID

4.1 Dit is die beleid wat 'n boerderyonderneming volg met die samevoeging van die vorme van kapitaal✓ nadat die aard en omvang van die vorme van kapitaal oorweeg is.✓ Dit vereis dat daar spesiale omstandighede betreffende risiko moet wees.✓ (3)

4.2
- Kennis van die aard en omvang van die kapitaalvereistes
- Die handhawing van likiditeit
- Voordelige finansiering (3 × 2) (6)

4.3 VOLDOENDE EIE KAPITAAL
= Waarde van bates✓ – Maksimum bekostigbare hoeveelheid leningskapitaal✓ (2)

4.4 4.4.1 Ja (1)

4.4.2
- Langtermyn- en mediumtermynlenings is te duur om bedryfsbates mee te finansier.
- 'n Boerderyonderneming sal die lenings vir 'n langer tydperk moet betaal, terwyl die bedryfsbates slegs een jaar lank sal hou. (2)

4.5
- 'n Likiditeitsrisiko is 'n risiko dat die boerderyonderneming nie in staat is om aan bepaalde vereistes te voldoen nie. Dit is korttermynverpligtinge soos rente op 'n lening.
- 'n Sakerisiko word veroorsaak deur omstandighede wat daartoe kan lei dat die opbrengskoers laer as die koste van die lening is, byvoorbeeld weens mislukte oeste. (2 × 2) (4)

4.6
- Prysrisiko's
- Opbrengsrisiko's
- Waarskynlikheid van finansiële mislukking
- Die handhawing van likiditeit (4)

4.7
- Lenings moet die vermoë van 'n boerdery om winste te genereer, verhoog.
- Rentebetalings en kapitaalvereffening moet nie tot kontantvloeiprobleme lei nie.
- Alle potensiële bronne van krediet moet in oënskou geneem word om die goedkoopste en mees toepaslike bron te kies.
- Boere moet lenings hul laaste toevlug maak.
- Daar moet oor behoorlike terugbetalingsbepalings onderhandel word.
- Alle kredietooreenkomste moet duidelik wees en op skrif gestel word.
- Die onderneming moet teen risiko's verseker word.
- Lenings moet tot minder bronne beperk word. (Enige 7 × 2) (14)

4.8
- Passingsbenadering: Dit is 'n benadering waarvolgens permanente kapitaalvereistes met langtermyn- en/of mediumtermynfondse en tydelike bedryfskapitaalvereistes met korttermynfondse gefinansier word.
- Aggressiewe benadering: Volgens hierdie benadering word die permanente vereiste vir bedryfskapitaal gedeeltelik met korttermynfondse gefinansier en nie net met langtermynfondse nie. In hierdie benadering word daar dus meer korttermynfondse gebruik.
- Konserwatiewe benadering: Volgens hierdie benadering word die tydelike vereiste vir bedryfskapitaal gedeeltelik met langtermyn- en met mediumtermynfondse gefinansier, wat minder riskant is. (Enige 2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5: HULPBEGROTINGS

5.1 5.1.1 Dit is die brutoproduksiewaarde wat die boerderyonderneming sal verloor as hy die produksie van een boerderybedrywigheid deur 'n ander vervang.

5.1.2 Dit is die brutoproduksiewaarde wat die boerderyonderneming sal wen as hy die produksie van een boerderybedrywigheid deur 'n ander vervang.

5.1.3 Dit is die punt in die boerderyonderneming waarby die totale brutoproduksiewaarde gelyk is aan die totale boerderykoste.

OF

Dit is die punt waarby die minimum area wat bewerk moet word, geregverdig word om die vaste en veranderlike koste te dek.

5.1.4 Dit is 'n tegniek wat gebruik kan word om die uitvoerbaarheid van 'n voorgestelde kapitaalprojek, of die relatiewe winsgewendheid van alternatiewe kapitaalprojekte, te beoordeel.

(4 × 2) (8)

5.2 5.2.1
- 'n Raming van die grens bo gespesifiseerde koste
- 'n Parametriese ontleding van die grens bo gespesifiseerde koste
- 'n Maandelikse transaksievloei
- 'n Verskeidenheid aktiwiteite (Enige 4 × 1) (4)

5.2.2
- 'n Raming van die grens bo gespesifiseerde koste behels 'n ontleding van die geraamde brutoproduksiewaarde en die gespesifiseerde koste wat direk aan 'n produksietak toegedeel word.
- 'n Parametriese ontleding van die grens bo gespesifiseerde koste word gedoen wanneer 'n boerderyonderneming die uitwerking van die veranderende produkpryse en produksiehoeveelhede in oorweging neem, wat 'n verandering in die grens bo gespesifiseerde koste tot gevolg kan hê.
- Die maandelikse transaksievloei gee inligting oor wanneer 'n transaksie op 'n maandelikse grondslag deur die jaar sal plaasvind.
- 'n Verskeidenheid aktiwiteite word deur 'n boer gebruik om sy/haar hulpbronne, wat hy/sy gedurende die jaar gaan benodig, te raam, en te spesifiseer in watter maande dit benodig sal word. (4)

5.3 5.3.1


GEDEELTELIKE BEGROTING

Bykomende koste	✓R300 000	Kostebesparings	✓R250 000
Verbeurde BPW	✓R400 000	Bykomende BPW	✓R500 000
Toename in wins	✓R50 000		
	R750 000		✓R750 000

(6)

5.3.2 Die boerderyonderneming moet met die vervanging van ertjies deur boontjies voortgaan aangesien dit sy wins met R50 000 sal verhoog. (1)

5.4 Die grafiek moet 'n gelykbreekbegroting voorstel:



(9)

5.5 **GELYKBREEKBEGROTING**

WERKLIKE VASTE KOSTE	
Versekering	= R16 000✓
Renteonkoste	= R12 000✓
Waardeverminderingskoste	= R15 000✓
TOTALE VASTE KOSTE	= R43 000
Veranderlike koste per hektaar	= (R150 + R200) = R350✓
Kontrakteur se koste per hektaar	= R400

Gelykbreekpunt $X = \frac{\text{Vaste koste}}{\text{Prys – Veranderlike koste}}$✓

$= \frac{(43\ 000)}{(R400 - R350)}$✓

= 860 hektaar✓ (8)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou